Eljada Huis
Daspoort .....
waar die HERE sorg en voorsien!
Boekenhoutkloofstraat 949, Claremont.
012 377 0503 / 072 855 8289
eljadahuis@mweb.co.za
www.eljadahuis.weebly.com
Facebook – Eljada huis

23 Augustus 2012

Dagsê Almal

Sondag oggend gesels ek met Sakkie en Yolanda en ek vertel opgewonde oor die wonder van die Here se genade dat soveel van die Eljada Huis se mense se lewens begin regkom. Corlia en haar gesin het 'n huis gekry wat hulle kan bekostig, Peter werk en kan nou ook 'n woonstel bekostig, Malcolm is plaas toe waar hy 'n handlanger word, Bianca het 'n handskoen pas werkie gekry, en en en. Ds. Werner preek Sondagaand oor die vergewing van sondes en doen sommetjies wat sê 70 x 7 = 490 keer moet ek vergewe. Toe breek Maandagoggend aan en alles loop verkeerd en ek is verwikkel in 'n worstelstryd van die mense wat weereens die pad oornag byster geraak het. Ek is stomgeslaan deur die mag van drank wat iemand wat so goed presteer het weer in die modder dompel. Alle hulp word oorboord gegooi en daar word weggekruip agter "ek is te skaam om terug te kom vir hulp". Herhaaldelik het ek al onderstreep dat die Here van ons eis om daardie 70 x 7 reël van vergewing uit te leef teenoor ons naaste, want ons is almal sondaars. Ek huil Maandag in my binneste en openlik en staan Dinsdag op met dikgehuilde oë maar 'n wil om steeds 'n naaste vir hulle te wees. My krag kom van Hom wat Sy Seun vir ons gegee het, onskuldig en my gedagtes draai daar rondom. Dit is al Donderdag en steeds pik ek 'n traan en dit laat my besef die swaarkry van hierdie mense is soveel groter as wat ons besef. Dit is baie diep en 'n brood, hemp en broek is nie wat hulle nodig het nie maar opregte naasteliefde met 'n sagte maar ferm hand wat getrou sorg en voorsien – net soos wat ons logo dit uitbeeld. Bid asseblief vir hierdie Huis en die mense wat hier kom aanklop vir daardie naasteliefde.

Raak ook betrokke saam met my by die ou mense wat Maandae kom, die jongmense namiddag met huiswerk, take en uitstappies, verkryging van persoonlike dokumente, tandarts afsprake hospitaal besoeke, berading, bybelstudie, kosmaak, tuinmaak, instandhouding, admin, vervoer, aankope, huisbesoeke en vele meer. Daar is regtig ruimte vir enige een wat graag naasteliefde wil beoefen.

Ek het tong in die kies vir die mense vanoggend gevra of daar enige iets is wat hulle graag sou wou hê en die lys is as volg –

- Hettie (was in Weskoppies na haar kinders van haar weggeneem is en kry net 'n ongeskiktheidspensioen. Haar man sukkel om werk te kry) vra 'n klein TV en 'n radiotjie

- Erna (was ook in Weskoppies na haar moeder aan kanker oorlede is, het self kanker wat haar moeilik laat loop en verduur baie pyn, kry ook net ongeskiktheidspensioen) vra ‘n horlosie
- Jenny (is Hettie se tweeling sussie en is altyd baie besorg oor haar, het geen inkomste nie, haar man sukkel ook om werk te kry en doen net los werkies, versorg haar dogtertjie Inge baie mooi en bly saam met haar sussie hulle by ‘n ou oom in die huis waar hulle soms nie eens warm water het om te bad of die stoof mag gebruik om kos te maak nie) vra ‘n radio wat CD’s/DVD’s kan speel
- Esther (kry ook net ongeskiktheidspensioen) vra onderklere, haarsproei en haarkleursel en vir haar seun Jofri wat tans in die rehab is ‘n paar tekkies.
- Lucy (werk vir ‘n karige salaris wat skaars meer as ‘n staatstoelaag is) vra ‘n TV en radio wat CD’s en DVD’s kan speel.
- Bianca (woon nou by ‘n egpaar wat sy versorg en kry ‘n klein toelagie wat sy wil spaar vir haar verdere opleiding volgende jaar) vra ‘n radio met ‘n CD/DVD speler
- Corlia gaan in die huis intrek maar het nie ‘n yskas nie. Klein Tom het ‘n toer wat voorlê wat R700 kos.
- Malcolm (het geen inkomste nie en doen tuinwerk en dinge om die huis) vra ‘n radio
- Eljada Huis se kombuis het ook ‘n versoek: ‘n voedsel verwerker waarmee ons groente kan verwerk wat dalk op bestelling verkoop kan word. Dit kan vir hierdie vroue wat net ‘n toelaag kry ‘n inkomste gee.
- Ons het steeds nog ‘n borg nodig vir Jofri se versorging by die rehab R5000 en sy tande R2000. Baie dankie vir enige hulp.

Ons kombuis en badkamer het altyd maar die basiese dinge nodig soos koffie, tee, boksmelk, suiker, ontbytkosse, margarien, konfyt en ander broodsmere, blikkieskosse (vleis, vis en groente), pastas, soppoeier en geurmiddels. Toiletware vir die badkamer nl.; toiletpapier, tandepasta, seep, sjampoe, spuitgoed, onderarmrol en daai damesgoed.
Baie dankie by voorbaat.
Eljada Huis groete.

Annatjie